2020 The Year of

Functional Schools

Developing a values-driven team

1. Die skool het ’n permanente prinsipaal wat ’n verenigde skoolbestuurspan (SBS) doeltreffend lei.
2. Alle poste is gevul en/of daar is gebeurlikheidsplanne vir vakante poste.
3. Dis duidelik dat daar ’n positiewe skoolkultuur is, soos ‘n veilige, skoon en funksionele skoolgebied onder meer aandui (toilette, klaskamers en omgewing is skoon).
4. Alle nodige roosters, jaar- en kwartaalbeplanners is gereed, word nagekom en gemonitor.
5. Personeel en leerders is aanwesig en stiptelik.
6. Funksionele strukture (bv. kurrikulum, sport en kultuur), waarvan die pligte en moniteringstelsels van elkeen uitgestippel is, is gereed.
7. Die vereiste beleide en dokumente is gereed en word nagekom (leerder- en onderwyserregisters, leerder- en personeelgedragskodes, veiligheidsplanne, beleid oor leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal, ens.).
8. Dis duidelik dat daar goeie, funksionerende verhoudinge is (SBS, personeel, beheerliggaam, ouers, ens.).
9. Die skool het die vermoë om swak prestasies te hanteer en is besig met die implementering van verbeterings-/ontwikkelingstrategieë.
10. Daar is ’n verskeidenheid naskoolse aktiwiteite.

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

WCED transform to perform